**VRYDAG 12 JUNIE**

**SKRIFGEDEELTE: 2 TIMOTEUS 3:1-9**
**FOKUSGEDEELTE: 2 TIMOTEUS 3:8**

**Jannes en Jambres – Christus se liefde maak harte wat verset, sag!**

Die name Jannes (onderdruk) en Jambres (die weerspannige) kom nie in die Ou-Testament voor nie, maar daar word wel na hulle in buite-Bybelse bronne verwys. Volgens Joodse literatuur word daar na hulle verwys as twee van die farao se towenaars wat probeer bewys het dat hulle net so effektief met hulle towerkunste is soos Moses en Aäron (vgl. Eks. 7:11). Hulle het alles in hulle vermoë gedoen om te probeer bewys dat Moses en Aäron nie die waarheid praat nie, en daarom nie deur God gestuur is om die volk uit Egipte te lei nie.

In hierdie gedeelte vergelyk Paulus die valse profete met Jannes en Jambres, aangesien hierdie vals profete hulle net soos Jannes en Jambres teen die waarheid verset het. Hulle doen alles in hulle vermoë om te bewys dat hulle Christus nie nodig het nie. Hierdie valse profete stry met alles in hulle teen die waarheid, en Paulus gee die rede daarvoor in vers 4 as hy daarop wys dat hulle eerder liefde vir genot het as liefde vir God.

Eerlike selfondersoek wys ons egter daarop dat ons self soms in hierdie strik trap. Ons verset ons teen die waarheid omdat ons nie glo dat ons genot alleen in Christus is nie. Ons sal alles in ons vermoë doen om die sonde wat ons doen, te regverdig. Indien dit byvoorbeeld vir jou groot genot inhou om deur mense geëer te word vir jou werk, jou posisie of jou skoonheid, sal jy alles in jou vermoë doen om daardie eer te ontvang. Jy sal selfsugtig wees, grootpraterig, beledigend en liefdeloos (vgl. vs 2). Alles om geëer te word. Jy glo dus dat jy alleen ware genot in eer sal ontvang en daarom is jou liefde vir die genot om geëer te word, groter as jou liefde vir God!

Al hoe ons dit kan verander, is wanneer ons sien hoe lief God ons in Christus het. Hy kom nie na hierdie wêreld om deur ons gedien te word nie, Hy kom om ons te dien! Hy gee sy eer op en word verneder tot in die dood toe, sodat ons in ons eer herstel kan word. Niks wat ons doen kan daardie eer wat ons in Christus ontvang, van ons wegneem nie, nie eens die sonde nie, want Christus het daarvoor betaal.

Wanneer ons sien hoe Jesus Christus sy eer verruil om ons in ons eer te herstel (vgl. Ps. 71:21; 91:15), dan sal ons besef dat dit nie nodig is om te bewys dat ons die eer van mense werd is nie. Ons het ’n veel groter eer in Christus en die Gees ontvang, ons is kinders van God (vgl. Rom. 8:15).

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3 (33)*
*Ds. PJ (Paul) de Bruyn (Oos-Londen)*